



Werner Schubert

EYES & EARS OF THE KAROO

120 Bird Street • Beaufort West

Tel : 023 414 3519

Cell : 083 462 7308

eyeguy@beaufortwest.net

Carnarvon • Laingsburg •

Prince Albert • Victoria West

Courier

Die Koerant vir die Nuweveld sedert 1869
The Newspaper for the Nuweveld since 1869

@ prickly pear

Summer special

Microneedling

Reduce those fine lines & wrinkles

Face & Neck R750

Face, Neck, Décolleté R850

Free skin supplement

Verspreidingsarea: Beaufort-Wes, Leeu-Gamka, Merweville, Murraysburg, Nelspoort, Prins Albert, Victoria-Wes, Laingsburg en Loxton

Prys - R6.00 - Price (BTW ing./VAT incl.)

Geregistreer by die HPK as 'n Nuusblad - Registered at the GPO as a Newspaper

ISSN 2075-5872

10 Junie 2022

Die Courier: Die einde van 'n era

Die einde van 'n era. En die begin van 'n nuwe.

Die Courier, oudste onafhanklike koerant in Suid-Afrika vandag, gaan binnekort net digitaal verskyn.

Dit volg nadat die eienaars van Die Courier indringende stappe moes neem om die ramspoedige gevolge van die Covid-19 pandemie vir die gedrukte media hok te slaan. Die Courier sal gevolglik binnekort nie meer as 'n gedrukte koerant beskikbaar wees nie, maar dit sal elke Vrydag as 'n gratis digitale koerant uitgegee word wat gelees kan word op 'n rekenaar, tablet of selfoon deur engeen wat daarvoor geregistreer het.

Die Courier is 'n gemeenskapskoerant met 'n trotse verlede. Die eerste uitgawe daarvan het reeds in Oktober 1869 die lig gesien. Die Courier Printing CC is ook die oudste ononderbroke sakeonderneming in Beaufort-Wes en die Karoo.

Is dit nie merkwaardig om te dink dat sedert die ontstaan van Die Courier die groot gat in Kimberley gegrawe is, daar goud aan die Witwatersrand ontdek is, die Anglo-Boereoorlog en twee wêreldoorloë plaasgevind het, ruimtevaarders op die maan geland het en Suid-Afrika 'n nuwe politieke bestel gekry het. En die Courier het daaroor berig! Merkwaardig inderdaad!

Die eerste uitgawe van die *Beaufort Courier and Government Gazette for the District of Beaufort West, Victoria West, Prince Albert, Fraserburg, Carnarvon and Willowmore* het op 1 Oktober 1869 verskyn.

'n Buitelander, James Bryant, het in 1854 na die Kaapkolonie geïmmigreer en by die *S.A. Commercial Advertiser* in Kaapstad in diens getree.

Vroeg in 1869 het hy na Beaufort-Wes verhuis en die *Beaufort Courier* begin uitgee. Gedurende sy eerste lewensjaar is die Courier in 'n gebou in Markstraat (later Voortrekkerstraat) agter die huidige Rooms-Katolieke kerk gehuisves.

In 1901 het Bryant se swak gesondheid hom genoodsaak om sy onderneming van die hand te sit. Die nuwe eenaar was ene Morris wat die drukkerij verskuif het na 'n ou woonhuis in Donkinstraat, oorkant die huidige Oasis Hotel.

Kort na die Eerste Wêreldoorlog verkoop Morris die drukkerij aan ene Winterton, en na laasgenoemde se oorlye is dit voortgesit deur sy dogter en mej. Ina de Jager, suster van Mat de Jager van die plaas Kuilspoor.

In 1935 koop Mike Bellon die onderneming uit die Winterton-boedel en in 1943 word F.W. Krummeck sy vennoot. Die Courier verskuif toe na 'n nuwe perseel in Bankstraat.

Kort na Krummeck in 1965 oorlede is verkoop Bellon die onderneming aan sakeman Louis Botes en Rufus Dercksen, 'n plaaslike prokureur. 'n Maand later word Dercksen alleeneenaar.

Na Dercksen was ds. F.S. Vivier die eenaar van die Courier en hy verkoop op sy beurt weer aan me. Marion de Lange. Die volgende eienaars was Johan en Dan de Klerk, (vervolg op bladsy 3.....)



Die eerste uitgawe van Die Courier: 1 Oktober 1869

STEEL & PIPES

YOUR ONE STOP STEEL, TUBING AND HARDWARE SHOP

Your One-Stop Steel Tubing & Hardware Shop

Binnestraat 21 | George Industria | Tel 044 875 9245

VERSKAFFERS VAN:

- ROUND, SQ & RECTANGULAR TUBING
- GALVANISED ROUND TUBE
- RE-INFORCING Y-BAR
- EXPANDED METAL
- STORMWATER GRATINGS
- WALKWAY GRIDS
- INDUSTRIAL HANDRAILING
- HOT ROLLED CHANNEL & LIP CHANNEL
- CONVEYANCE TUBES
- FLAT, ROUND & SQ BAR
- ANGLE IRON
- HOT ROLLED SHEET & PLATE

- GALVANISED SHEETING
- VASTRAP
- SHAFTING & HOLLOW BAR
- PALISADE FENCING
- GATE AUTOMATION
- HARDWARE
- PAINT
- ROOFING PRODUCTS
- POWER TOOLS
- INTERCOMS
- LOCKS & SECURITY SYSTEMS
- ORNAMENTALS
- EN VELE MEER!!

Skakel ons gerus!

GRATIS AFLEWERING MAANDAE EN WOENSDAE

ALLES VARS

SAVERITE

Nuwestraat 120

Beaufort-Wes

SPECIALS!

Tel. 023 414 3481

082 576 1875

Ons voeg baie waarde toe deur u te help om die regte pryse vir u vars voedselprodukte te betaal!

Bokomo Cornflakes 200g R9.99	Simba Chips 120g R 13.99	Suiker 2.5 kg R 44.99
Pasta 400g R9.99	Melk 6x1lt R 79.99	Wortels R7.99
True Essentials Soap 100g R 4.99	Jungle oats 1 kg R 29.99	Spare Rib Burger & Chips & Kingsley 500ml R 35.00

Aartappels 10 kg R49.99

- CAPITEC ATM -

SASSA-KAART FASILITEITE BESIKBAAR

Uitspraak oor vuurwapens as 'waterskeiding' beskou

Die eienaarskap van 'n vuurwapen is verhewe bo die lisensiëring daarvan en 'n vuurwapen bly die eiendom van die eienaar, al het die lisensie daarvan verstryk.

Dit is die kort en die lank van 'n waterskeidingsuitspraak in die konstitusionele hof in Johannesburg Vrydag in die guns van Fidelity Guards.

Martin Hood en adv. Marius Snyman SC het Fidelity Guards in die regstryd van ses jaar lank verteenwoordig.

Hood sê een van die belangrikste uitsprake is dat art. 25 van die Grondwet wat eiendomsreg beskerm, ook op vuurwapens van toepassing is.

Dit is ook van belang dat die hof 'n kostebevel teen die minister van polisie gemaak het, sê Hood.

“Jy kan nie net mense se vuurwapens onteien nie en die hof het dit duidelik gemaak sy uitspraak is op alle vuurwapeneienaars van toepassing.”

Die hof het wel gesê dat as jy nie 'n geldige vuurwapen-lisensie het nie, jy nie in besit van die vuurwapen mag wees nie.

Die vuurwapen bly steeds jou eiendom en die polisie mag dit nie vernietig alvorens al die administratiewe prosesse gevolg is nie.

“Die polisie sal nou 'n oplossing moet vind vir die probleme wat daar met die opberging van vuurwapens is,” sê Hood.

“Dis groot, dis 'n helse groot uitspraak, dis massief,” sê 'n verheugde Paul Oxley, van die Vuurwapeneienaarsvereniging van Suid-Afrika (Gosa).

“Dit is werklik 'n waterskeiding in die stryd om die regte van wettige vuurwapeneienaars – dit kom daarop neer dat jy die reg het om weer aansoek vir 'n vuurwapenlisensie te doen.”

Oxley sê hy glo daar is kans dat die polisie sal probeer om mense te vervolg waarvan die lisensies verstryk het.

Aangesien daar geen misdadige motief is nie, twyfel Gosa of so 'n vervolging suksesvol sal wees. Ook dr. Pieter Groenewald, leier van die VF Plus, het die uitspraak verwelkom. “Dit is 'n bloedneus vir die minister van polisie, Bheki Cele, wat dit hom ten doel gestel het om wettige vuurwapeneienaars te ontwapen.”

“Ons verwelkom die uitspraak, dis 'n groot deurbraak en 'n oorwinning vir wettige eienaars wat binne die wet wil leef.”

Die hofbeslissing is

waarvoor ek al van 2017 vra: dat 'n mens nie die eiendomsreg van jou vuurwapen verbeur net omdat jou lisensie verstryk het nie.”

Die hofuitspraak spruit uit 'n lang hofstryd deur Fidelity Guards nadat 700 van die lisensies van wapens wat die maatskappy in die bedryf van sy onderneming gebruik, verstryk het. Fidelity Guards het die lisensies probeer hernu maar die polisie het geweier om die aansoeke te ontvang.

Fidelity het in 2016 die eerste hofaansoek ingedien.

Die polisie het die aansoek teengestaan en gesê dat die Vuurwapenwet nie daarvoor voorsiening maak dat 'n vuurwapeneienaar wanneer sy lisensie reeds verstryk het, kan aansoek doen om 'n hernuwing nie.

Die hooggeregshof het in Junie 2019 in die polisie se guns beslis. Fidelity het teen die hofuitspraak geappelleer en die appêlhof het in April 2021 beslis dat vuurwapen-eienaars wel die reg het om hulle lisensies te hernu as dit reeds verstryk het.

Die polisie het teen die beslissing geappelleer en die

konstitusionele hof genader.

Sakeliga, Gosa, die National Hunting and Shooting Association (Natshoot) en die Professionele Jagtersvereniging van Suid-Afrika (Phasa) het as vriende van die hof opgetree.

Lirandzu Themba, woordvoerder van Cele, sê die polisie se regspan moet eers die uitspraak bestudeer voordat die ministerie daarop sal kommentaar lewer.



Foto ter illustrasie

IN&OM DIE HUIS:

Resep van die week: Al weer aartappelslaai!

Ek gaan vandag 'n groot geheim verklap - 'n kerksgheheim! Sjiii, die sinode mag nie hiervan hoor nie. Baie het dit al in die verlede gewaag, maar nog altyd met noodlottige gevolge. Al ooit gewonder hoekom daar 'n Spaanse Inkwisisie was; wat Martin Luther aan Wittenberg se kerkdeur vasgespyker het en hoekom die Franse Hugenote na die Kaap gevlug het?

Dis oor die BOEK... nie DIE BOEK nie, maar die BÓÉK. Elke gemeente het een wat iewers in die konsistorie bewaar word. Net Dominee en die basaarkonvenor tannie weet waar. Die BOEK bevat 'n versameling basaarkos resepte wat van geslag na geslag oorgedra oorgedra word.

Op bl.37 is die resep vir aartappelslaai, net voor die

resep vir grofgerasperde wortelslaai met lemoensap en o-daar's-die-pynappel.

Die aartappelslaai is daai aartappelslaai met die fyngerasperde uie en die melkerige sousie wat soos mayonnaise lyk. Jy ken dit? Dan het jy al baie braai-vleisetes by 'n kerkbasaar geëet.

Ma' mens kan mos nie net vleis eet nie – dis nie so hoog in vitamine nie, jy het slaai ook nodig. Nou braaivleis vra mos vir aartappelslaai, so volgende keer as jy braai dan maak jy my spesiale aartappelslaai. Jy benodig:

¾ koppie suiker
¾ koppie wit asyn
2 eiers
1 tmosterpoeier
aartappels

Cross & Blackwell
mayonnaise
1 of 2 hardgekookte eiers
1 of twee groot agurkies (klein blokkies)feta kaas (blokkies)
cayenne peper

Meng die suiker, asyn, eiers en mostertpoeier en kook tot dik. Hierdie basiese sous kan lank in die yskas gebêre word. Kook aartappels en sny in blokkies. Meng die basiese slaaisous met die mayo en roer dit deur die aartappels terwyl die aartappels nog effe warm is. Moenie suinig met die mayo wees nie, “more is better, less is no good.” Voeg agurkies en feta by en roer deur. Krummel gekookte eier bo-oor en strooi cayenne peper oor na smaak. Bêre in die yskas tot benodig. Brand die vuur al? Is die boeing al oor?

Stand van Gamkadam:
99.72 % Op 8 Junie 2022



MODJADJI CONSULTING ENGINEERS

Public Liaison Officer (PLO)

(Beaufort West : 1 Post)

Project No: N.001-079-2019/1: Remhoogte to Skietkuil

Contract Duration: Date of employment – 30 November 2022



Applicants are hereby invited to apply for the position of Public Liaison Officer within Modjadji Consulting Engineers to work as a member of Routine Road Maintenance team to meet the requirements of the (SANRAL) South African National Roads Agency SOC (Pty) Ltd.

ROLES & RESPONSIBILITIES:

These may include but are not limited to:

- To be available on site daily from 08h00 to 16h00, responsible for getting themselves to and from site.
- To determine the needs of the labour for relevant training.
- Communicate with the Contractor and Engineer daily to determine the labour requirements with regards to numbers and skill.
- Facilitate and assist in labour dispute resolutions, ensure procedures are adhered to.
- To attend all meetings in which the community and/or labour is present or is required to be represented. In particular, the PLO will attend the first part of the monthly/site meetings to report on the local community labour and the SMME involvement.
- To inform labour of their conditions of temporary employment and to inform labourers as early as possible when their period of employment will be terminated.
- To ensure satisfactory client liaison between the Service Provider, the site workers and other stakeholders.
- To attend disciplinary proceedings to ensure that hearings are fair and reasonable.
- To keep a daily written record of his interviews and project liaison.
- Prepare monthly progress reports.

PERSONAL REQUIREMENTS:

The candidate must have the following:

- Excellent verbal and written communication skills in English and other relevant languages.
- Computer literate (MS Word, Excel & Powerpoint)
- Good time management skills and ability to work unsupervised.
- Discrete and tolerant. Able to honour confidential information.
- Good organisation and planning skills
- Be able to work as part of a team.
- Must be mature and have respect for the community, client, engineer, contractor, and his representatives.

POSITION REQUIREMENTS:

- The minimum qualification would be grade 12.
- Driver's licence essential. Own transport will be an advantage.
- Excellent communication skills. Be able to communicate to all levels of employment.

THE FOLLOWING SUPPORTING DOCUMENTATION WILL BE REQUIRED:

- Curriculum Vitae with past experience and proof of any other qualifications (CV)
- Grade 12 Certificate (Certified)
- I.D Copy (Certified)
- Driver's licence copy (Certified)
- Proof of address (Letter from Local Municipality)

All candidates who are interested in applying for the position may send their CV's by no later than **20 June 2022 at 16:00** to: kamogelom@modjadjiconsulting.co.za or submitted in an envelope at 166 New Street (NB: Sign register as proof)

Only shortlisted candidates will be contacted for an interview. Interviews will take place at the Engineer's office at 166 New street, Beaufort West.

If you have not been contacted by the Company within 14 days of the closing date, please consider your application to be unsuccessful.



Referring to the Beaufort West dumping site (Vaalkoppies), Central Karoo District Municipality mayor, Mr. Gayton McKenzie, says there is no way our people and their kids can be the next generation for their kids and continue living here as if it's normal. Mayor Mckenzie made it his priority to visit the dumping site late afternoon on the eve of Good Friday before Easter Weekend. "Not under my watch," he said, after looking with shock at the state of dumping site.



Die leerders van Hoërskool Sentraal se Debat- en Redenaarsklub is nie bang om hul mening te lug nie. Agter v.l.n.r. staan Hanré Arends, Ayabongwa Matiso, Minjon de Vos, Zolani van Engelen en Lenuscke Pienaar. Voor v.l.n.r. staan Njabulo Didi, Lee-Zaan Berry, Siphon Sethu Myakala, Jaden Godfrey, Zoey Swanepoel en Marlise Muller.



BEAUFORT WEST MUNICIPALITY
DEPARTMENT OF COMMUNITY SERVICES



NOTICE NO: 77/2022
BID NO: SCM 39/2022

MAINTENANCE OF THE BEAUFORT WEST LANDFILL SITE
FOR A PERIOD OF 3 YEARS

The BEAUFORT WEST MUNICIPALITY hereby invites service providers for MAINTENANCE OF THE BEAUFORT WEST LANDFILL SITE (VAALKOPPIES) FOR A PERIOD OF 3 YEARS

Enquiries regarding the documents may be directed to Mr S Madumbo at Tel. (023) 414 7547 or email: sidwillm@beaufortwestmun.co.za or sharnellp@bwmun.co.za. Enquiries regarding the specifications may be directed to Mrs V Ruiters at Telephone number: 023-414 8121 or wastemanager@beaufortwestmun.co.za.

A non-refundable fee of R250.00 (Two hundred and Fifty Rand), is payable for a set of printed documents. The fee must be deposited into the account of the **Beaufort West Municipality** at **NEDBANK**, Branch Code: **198765**, Account Number **107 428 0318**. The reference number for confirmation of payment is: **SCM 26/2022** and bid documents will be made available upon provision of proof of payment. Proof of payment to be send in advance to secure document.

A compulsory clarification meeting will be held at the offices of the Beaufort West Municipal THUSONG SERVICE CENTRE, Beaufort West on WEDNESDAY, 23 June 2022 at 12:00. No tenderers will be allowed to attend the compulsory site inspection meeting if they arrive more than 15 minutes after the meeting commenced.

Sealed formal quotations, marked: “SCM: 39/2022: MAINTENANCE OF THE BEAUFORT WEST LANDFILL SITE FOR A PERIOD OF 3 YEARS” must be addressed to the Acting Municipal Manager and placed in the tender box at the office of Supply Chain Management Unit at the Sanlam Building, 112 Donkin Street, Beaufort West, before the closing time and date of **14:00 on FRIDAY, 22 July 2022**. Bids will then be opened in the presence of anyone who wishes to attend, in the Committee Room at the Supply Chain Management Unit at Sanlam Building, 112 Donkin Street, Beaufort West.

Bids received in electronic format or after the closing time and date will not be considered. Council is not bound to accept the lowest or any Bid. Telegraphic, telephonic, telex, facsimile, e-mail and late Bids will not be accepted

The quotation must be valid for a period of 120 (One hundred and Twenty) days after the closing date. The quotation will be subject to Council’s Supply Chain Management Policy, the Preferential Procurement Policy Framework Act and the Amended Preferential Procurement Regulations, 2017. The 80/20 preference points system will be applicable.

It is a prerequisite that all prospective service providers who are not yet registered on the Central Supplier Database; register without delay by completing the prescribed online registration which are obtainable on their website www.csd.gov.za.

Municipal Offices
112 Donkin Street
BEAUFORT WEST
6970

G.Z.NYATHI
ACTING MUNICIPAL MANAGER

10 June 2022

Die Courier: Die einde van 'n era

(.....*vervolg vanaf voorblad*) twee neefs wat op daardie stadium al jare lank by die Courier gewerk het.

In 2006 verkoop Dan de Klerk sy aandeel aan Willem Wagener, 'n plaaslike prokureur, en in 2010 verkoop Wagener weer sy aandeel aan 'n ander plaaslike prokureur, Mathilda van Niekerk. Mathilda van Niekerk het in Maart 2015 Johan de Klerk se aandeel gekoop en alleen-eienaar van Die Courier geword.

Sedert die ontstaan van die onderneming in 1869 het Die Courier nog net by twee geleenthede nie verskyn nie. Die eerste was in 1874 toe die gebou en die masjienerie in 'n brand vernietig is en die besigheid sewe maande lank toe was. Die tweede keer was in Oktober 1918 toe die koerant twee weke lank nie verskyn het nie omdat die hele personeel, behalwe die eienaar, ongesteld was weens die Spaanse Griep.

Francois van Niekerk, redakteur van Die Courier, is baie opgewonde oor die toekoms. “Vir die eerste keer kan Die Courier nou in kleur geles kan word en daarby is dit nog gratis ook! Die beste nuus is egter vir ons adverteerders, want Die Courier se lesersgetalle sal nou geweldig toeneem. Dit sal afskop met die sowat 11 500 lede van ons Facebook-blad.”

Ondersteun asseblief Die Courier. Deur plaaslike besighede te ondersteun wys jy dat jy omgee vir jou plaaslike gemeenskap. Dit toon ook respek aan plaaslike besigheidseienaars wat baie hard werk om hulle deure oop te hou al staar hulle talle uitdagings in die gesig. Die

ekonomie werk soos 'n siklus en deur klein- en plaaslike besighede te ondersteun gee jy mense in jou gemeenskap werksgeleenthede wat hul nie sonder dié besighede sou kon hê nie.

Kontak of besoek Die Courier vandag nog vir die plaas van advertensies of vir gratis kwotasies ten opsigte van al u kommersiële drukbehoefte. Nou meer as ooit bly die Courier verbind tot diens en produkte van hoogstaande gehalte gelewer teen bekostigbare pryse.

sms jou sê

SMS na 072 148 8452. Neem asb. kennis dat opinies wat deur lesers in hierdie kolom uitgespreek word, hul eie is en nie noodwendig die opinies van Die Courier se redakteur, personeel of eienaars weerspieël nie. SMS'e word in goedertrou geplaas en beledigende of lasterlike SMS'e word nie geplaas nie. SMS'e met 'n naam en van daarby sal voorkeur kry.

Politiek in Beaufort-Wes is regtig soos om die slangetjie-pik patroon te doen. Dit begin met 'n diep flou voorstel, dan 'n stewige sekondant. Nog nooit is dit nuttig in die lewe nie, maar jy moet dit doen. Ai, hoekom vat jy dit wat nie aan jou behoort nie? **Anoniem**

Shoprite Beaufort-Wes is niks lekker nie, veral onder die SASSA toelaag trekkers. As ek nie so waaksaam was nie, het ek ook in die Ritebrand strik getrap. **George Jacobs, Beaufort-Wes**



Die Courier se

span

Thompsonstr. 5
Posbus 64
Tel: 023 414-2615
E-pos:
diecourier@telkomsa.net

Redakteur & kliëntediens
Francois van Niekerk

Advertensies, grafiese ontwerp & uitleg
Anne-Marie van den Heever

Algemene drukwerk & grafiese ontwerp
Anne-Marie van den Heever

Rekeninge
Jenine Brönn
(023 414-2131)

Kontak Die Courier vir gratis kwotasies



Eien.: Courier Printing (Beaufort West)
CC Reg. Nr. CK 96/16039/23

SPERTYD

vir elke week se nuus en advertensies:

Dinsdae, 12:00



Redaksioneel

Julian Jansen skryf in Rapport van Sondag 5 Junie dat hy 23 was toe hy in sy eerste betrekking as onderwyser by 'n hoërskool en ook sy alma mater instap, reg binne-in die bestaande kultuur van lyfstraf, van “ses van die beste is die beste”.

Die seuns veral is gewiks met die rottang, vir redes wat wissel van laat kom, swak toetspunte, bakleiery en dros.

Daar was relatiewe orde, ingeburger as gevolg van 'n eintlik ongesonde respek vir die rottang en die gesag van die hoof.

Maar lyfstraf is en was uiters teenproduktief en baie ouer en vandag wyser lesers sal daarvan kan getuig.

In Stellenbosch skryf 'n raadop skoolhoof onlangs in 'n brief aan die ouers dat die skool “en baie ander skole, 'n onverklaarbare toename in gedragsprobleme” ondervind, dat die akademiese tyd van die opvoeders, waarop leerlinge geregtig is, meestal verkwis word om orde te herstel.

In die Strand het 'n skoolhoof verlede Saterdag 'n dringende ouervergadering gehou oor die “enorme dissiplinêre probleme” daar. Uit 1 194 huishoudings het 80 ouers opgedaag.

In Macassar kla 'n skoolhoof in 'n brief aan ouers oor kinders wat met mussies, juweliersware, in gewone drag en met selfone waarop die musiek blêr, skool toe kom. Dat die beelde wat op hul selfone die wêreld ingestuur word, die skool se beeld afbreek en dat daar “ernstig” teen die oortreders opgetree sal word.

In April het 'n leerling in Krugersdorp op die rug van sy 65-jarige onderwyser gespring en hom gewurg, terwyl die klas in totale chaos was.

In Noordwes moedig die onderwysowerhede ouers aan om betrokke te wees “om maatskaplike ewuels hok te slaan”.

Maar dit blyk dat die onderwys deesdae ondergrawe word deur onderwysers se administratiewe las en buitemuurse betrokkenheid, dat tyd vir werklike gehaltetyd met elke leerling net nie bestaan nie. Lees: Die geleentheid om werklik 'n kind se hart te wen.

Ook word dit al hoe duideliker dat toksiese gemeenskappe besig is om skole wat probeer om kinders as afgeronde en potensieel deelnemende burgers van die gemeenskap voor te berei, lewendig te verorber.

'n Onderwyseres vertel my hoe haar tyd opgeëet word deur WhatsApp-groepe. Sy kry gedurende periodes teksboodskappe van ouers, maatskaplike werkers en sielkundiges wat navrae het oor leerlinge, van haar onderwysersunie, van haar kinders wat op die terrein “dwaal” en ja, selfs uit die hoof se kantoor!

Ek dink onderwysers sou graag meer tyd wou hê om net met leerlinge oor hul huislike omstandighede, gemeenskap, skoolwerk en uiteindelik hul drome te kan gesels.

Kinders wil volwassenes met hul drome kan vertrou. Vir kinders uit toksiese gemeenskappe is dit egter moeilik om die dissipline wat op skool geleer word, te versoen met die gebrek aan dissipline tuis en in die gemeenskap.

'n Afrikagesegde lui: Dit verg 'n dorpie om een kind groot te maak.

Wangedrag wat nie daadwerklik aangepak word nie, sal altyd die suksesvolle lewering van die kurrikulum kortwiek.

Be wise, sanitise

Dit, dat en nog wat

Dit was al sterk skemer toe 'n Brooklax “rep” se voertuig tussen iewers en nêrens breek. Gelukkig sien hy daar doer 'n liggie skyn. Hy stap in die rigting van die liggie en kom kort voor lank op 'n plaashuis af.

Die “rep” klop aan die deur en 'n ou oom maak oop. “Naandsê, neef, kan ek jou help?”

“Naand oom, my kar staan hier anderkant waar dit gebreek het. Kan ek asseblief oom se foon gebruik om 'n garage of iets te bel?”

"Nee wat neef,” sê die oom, “ek stuur sommer my voorman om jou karretjie te gaan haal. Hy sal dit gou-gou regmaak. Eet hier en slaap hier en dan kan jy môre weer verder ry.”

Die volgende oggend is die “reg” se voertuig reg en dit staan voor die plaashuis se deur. "Wat het jy in al daai bokse wat op die agterste

“seat” gepak is?”

Die “rep” is te skaam om te te sê hy smous Brooklax en toe sê hy maar hy verkoop sjokelade.

"Gee my asseblief twee bokse, ou neef. Die tannie het 'n vreeslike soet tand, en more-oormôre het ek weer 'n omkoopdingetjie nodig.”

Na al die oom se gasvryheid gee die “rep” toe maar vir hom twee van die bokse 'sjokelade'. Na hy gegroet het en wegry voel hy taamlik skuldig, maar hy troos homself dat die kans dat sy voertuig ooit weer in daardie omgewing sal breek, taamlik nul is.

Soos die duiwel dit wil hê breek sy voertuig agt maande later op feitlik dieselfde plek. Met 'n skuldige gewete stap hy na die voordeur. Hy klop en die ou tannie maak die deur oop.

"Naand boetie, alla wêreld, ons het nie gedink ons sal jou ooit weer sien nie.”

"Naand tannie, my kar het alweer gebreek.”


"G'n probleem nie boetie, ek sal die voorman kry om jou kar te gaan haal. Hy sal dit sommer vir jou regmaak ook. Eet hier en slaap hier en dan kan jy weer môre verder ry.”

Terwyl hulle so sit en eet kyk die “rep” by die venster uit en sien die ou oom op sy hurke onder 'n boom in die tuin sit.

Daai aand, net voor hy gaan slap, loer hy weer deur die venster en daar sit die oom steeds gehurk onder die boom.

Die volgende oggend vra hy vir die tannie hoekom die oom dan nog steeds gehurk onder die boom sit.”

"Ai, boetie, dis 'n tragedie. Agt maande gelede toe eet die ou vraat mos so skelm-skelm twee bokse sjokelade op. Hy is al ses maande terug oorlede, maar ons wag net laat hy klaar skeit sodat ons hom kan begrawe!”



PRINT AT GROUP (PTY) LTD

print@ Beaufort West

printing | photos | signage | branding | design



NAMEBADGES



Whatsapp
Chat with us now!

081 816 0432
salesbw@printat.co.za

Tel : 023 007 0091 / 2
info@printat.co.za • www.printat.co.za
7 Colin Fraser Street • Beaufort West
WhatsApp us @ 081 816 0432

SENTRAAL KAROO DAGBOEK JUNIE 2022

19 Junie: Vadersdag ete te Donkin House

Teri-Lemveli:
22 Junie 2022 – Jan Blohm

23 Junie: Van der Aven by Hoërskool Sentraal

24 - 26 Junie: Karoo Winter Wool Festival to be held in Middelburg



SAVE THE KAROO!

LOVE IT DON'T TRASH IT

A CLEAN COMMUNITY DISCOURAGES LITTERING & IMPROVES OVERALL COMMUNITY QUALITY OF LIFE



Love Where You Live

RESPECT YOURSELF
RESPECT OTHERS
RESPECT YOUR ENVIRONMENT

PLEASE!

PUT YOUR LITTER IN THE BIN!
BE COOL. DON'T LITTER!



PUT YOUR WASTE IN THE RIGHT PLACE

Besigheidskamer wil fokus op ekonomie en groei van Oudtshoorn

Die Oudtshoorn Besigheidskamer wil 'n positiewe rol op Oudtshoorn speel. Die kamer wil daarom fokus op die stimulasie van die dorp se ekonomie tot voordeel van al sy inwoners, en saamwerk met die twee grootste plaaslike besigheidsektore, landbou en toerisme.

So sê Abri Ferreira, wat einde Februarie tot die nuwe die voorsitter van die Besigheidskamer verkies is. Ferreira is 'n direkteur van Alert Patrol op Oudtshoorn, “Daar is baie om oor positief te wees op Oudtshoorn, met talle projekte in die pyplyn wat die dorp se ekonomie kan stimuleer en meer mense hierheen kan lok. Dit sal tot voordeel wees van die dorp en sy inwoners.”

Hieronder tel 'n groot nuwe winkelsentrum in Rade-meyerstraat wat die potensiaal het om meer as 600 werksgeleenthede te skep, 'n moontlike woonontwikkeling met meer as 400 huise langs die Welgeluk-pad en die Pepperwood-ontwikkeling in Albertstraat.

Ferreira se die kamer probeer 'n ondersteunings-rol speel om beleggings na die dorp te lok asook te baat by die emigrasie van Suid-Afrikaners na die Suid-Kaap.

Die Oudtshoorn Besigheidskamer was voorts verlede week betrokke by die stigting van 'n

streeksakekamer, die Garden Route Business Fo-rum. Die dorpe betrokke is Oudtshoorn, Stilbaai, George en Mosselbaai.

Ferreira sê die Oudtshoorn Besigheidskamer wil 'n ontwikkelingsmomentum op die dorp vestig om landbou en toerisme te stimuleer.

“Ons dorp het landbou en toerisme nodig. Ons moet byvoorbeeld alles in ons vermoë doen om toerisme-atraksies soos die Kango Grotte te bevorder, en so ook landbou-inisiatiewe.

“Ons wil ook daarop fokus om ons dorp te bemark en meer mense na die dorp te lok om hulle hier te kom vestig.”

Hy sê die besigheidskamer ondersteun ook graag inisiatiewe soos die KKNK op Oudtshoorn en het daarom vanjaar die eerste keer een van die Kannapryse geborg.

“Ons is trots om op so 'n manier met die fees geassosieer te word en so te wys Oudtshoorn is dankbaar dat dit hier plaasvind.

“Ons glo dit is belangrik om geleenthede wat op die dorp plaasvind, soos feeste en byeenkomste, te ondersteun.”

Ferreira sê hy wil ook inwoners aanmoedig om op die positiewe te fokus en negatiewe kommentaar op Facebook te staak. “Los eerder probleme met ander tussen mekaar op.”



AIRPARK
BEAUFORT WEST

WE KNOW INTERNET

 Wireless Internet	 IT Hard & Software	 Layer2 Services
 On-Site Support	 IP Cameras	 Webdesign
 Enterprise WIFI	 Branch Interconnect	 Cloud Services
 Voice Over IP	 Security Solutions	 Turnkey Solutions



Tel: 023 007 0023 - email: contact@airparkbw.co.za
71 Bird Street Beaufort West 6970 www.airparkbw.co.za



Residents of the Central Karoo should be proud of the areas that they live in.

If an area has a litter problem, it is going to reduce or even destroy the pride that we have about living in the Karoo. ... It also means that we worry about other problems associated with litter, such as economic impact, crime and anti-social behaviour.

DON'T WASTE OUR OPEN SPACE

help prevent illegal dumping

A message by the Section
Municipal Health Services of the
Central Karoo District Municipality



De Jagers
Loodgieter
Kontrakteurs

Voortrekkerstraat 4,
Beaufort West
karoonetwerk@sat.co.za

CELEBRATING
23 YEARS

023 414 4353 • 083 2828 507/8 (n/u)

• Herstelwerk • Nuwe installasies • Gebarste pype • Verstopte riole • Besproeiing • Galv. Geute	Verskaffers van: • Koper • Galv. • PVC • Nylon • HDPE & UPVC • Drukpompe • Tru Osmose waterstelsels	Geysers: • Elektries • Son
---	--	---

Bounywerheidsraad gekwalifiseerde
Loodgieters vir
Gratis kwotasies
(binne dorpsgebied)



Abri Ferreira, nuwe voorsitter van die Oudtshoorn Besigheidskamer.



PAPER



PLASTIC
BOTTLES & JUGS



GLASS
BOTTLES & JARS



CARTONS



METALS

PLEASE RECYCLE THESE ITEMS

DOUBLE DOUBLE
Cheeseburger
and chips

79⁹⁰



WIMPY

Download the
Wimpy Rewards App
START COINING IT

Ts&Cs apply. While stocks last. Visuals for descriptive purposes only. Full nutritional information available at wimpy.co.za



REDUCE



REUSE



RECYCLE



RETHINK!

Waste isn't waste until we waste it



A message by the CKDM
Section Municipal Health Services
(gva)

WINTER PROMO

R1500^{OFF}
your frame or lens
enhancements

Terms and conditions apply



BEAUFORT WEST
Shop 23, Karoo Junction Mall, Beaufort West
Tel: 023 414 2868 WhatsApp: 079 106 5937


AFFORDABLE EYE CARE

Ts&Cs apply. This offer is subject to the purchase of an eye examination, prescription frame and prescription spectacle lenses. View full Ts&Cs at www.specsavers.co.za. E&OE.

Lewende Woord

Sleutels tot gebede wat beantwoord word

Hebreërs 11:6

Net soos die regte sleutel die deur oopsluit, is daar Skriftuurlike beginsels wat waarborg dat jou gebede beantwoord sal word. Kom ons kyk daarna.

Geloof. 'As jy nie glo nie, is dit onmoontlik om God tevrede te stel. Wie tot God wil nader, moet glo dat Hy werklik daár is en dat Hy dié wat na Hom soek, daadwerklik beloon' (vers 6). God reageer nie noodwendig op jou behoefte nie. Waarop reageer God dus? Jou geloof! Satan sal egter jou gedagtes met vertwyfeling probeer vul. Wanneer hy dit doen, moet jy jou hart ondersoek en kyk wat dit sê.

Jy kan God se Woord in jou hart glo, selfs wanneer jou gedagtes dit bevraagteken. Staans dus op dit wat in jou hart is en nie op dit wat in jou gedagtes is nie. Soms begin twyfel met afleiding. Wanneer

jou aandag van God se beloftes afgelei word, begin jy twyfel. Soos jy meer en meer op jou probleme fokus, begin jou geloof wankel. Wanneer dit gebeur, moet jy soos 'n laser op God se beloftes herfokus - en slegs skrams na jou probleme kyk. Moet hulle nie probeer ontken nie, maar moenie hulle onnodige aandag gee nie.

Die Bybel sê: 'Maar, as 'n mens bid, moet jy die vertroue hê dat God sal antwoord, want iemand wat twyfel, is soos 'n brander in die see wat deur die wind aangejaag en heen en weer gedryf word. So iemand kan mos nie dink dat hy iets van die Here sal ontvang nie. Hy is iemand wat nie tot 'n besluit kan kom nie; op so iemand kan jy nie peil trek nie' (Jakobus 1:6-8). Bly aan God se Woord geanker en moenie begin ronddryf wanneer jou omstandighede begin verander nie.

Sielskos: Lev 23:15-22; Hand 2:1-18

Rod's Reflections

When your name is nutty...

Minister of Whatever's parents, Mr, and Mrs Mtethwa, must have been prescient when they named their son Nutty, because when he grew up, he sure has lived up to his name.

How else would anyone, perhaps including the elder Mtethwas, describe the bespectacled guy who keeps lurching from one nutty decision to the next. If it isn't kow-towing to a handful of little brown guys chasing buck in the Kalahari with bows and arrows and drinking their water out of ostrich eggs and speaking a language unintelligible to absolutely everyone not of their tribe, and thereby rushing to change the name of one of our major cities from a perfectly respectable Port Elizabeth to something unpronounceable, then it is to go up a long pole which will probably, along with the great wall of China, be visible from outer space. Incidentally it will be the only thing about our country that would then be visible from outer space,

seeing as we have travelled back in time to the dark ages.

And if it isn't wanting to plant a sky-high pole in the ground, costing 22 million rand – and by the way, when a cabinet minister says something is going to cost 22 million rand you can be certain that with the inevitable overruns in all directions it is going to cost double or triple that by the time the damned thing is finally planted – a little gremlin whispers in his ear: 'Hey, Nutty, wouldn't it be a good idea to change the name of the Afrikaanse Taal Monument outside Paarl to something....mmm...Xhosa... or, no wait, something Khoi or San, so as to keep those little brown guys chasing buck in the Kalahari even more happy than when I did away with the name PE.

And in case you, dear reader, are thinking it is happening to other people far away, such as in PE or Paarl, let me hasten to disabuse you, because old Nutty is assiduously working

his way down a long list of names – all of them having colonial connections, of course – and if he is doing so alphabetically then it isn't going to be long before Beaufort West is in his sights. If I live for just one more year, I think it will happen before I shuffle off this mortal coil and I and you, if you live in the capital of the Great Karoo, will smartly have to get used to a new place of residence's name, such as Ickyxx!!za or Gakyeyyeiii.

It must be extremely worrying for we ordinary citizens to be under the cosh of total incompetents like Nutty and his fellow merry men and women making up the leadership of the ANC. In any other civilized



country this lot would have been out on their collective ears long ago. Just look at what is happening to old Borisin the UK. The guy has a party – just a few drinks and canapés, 'nagal'! – during lockdown at Number 10 and everyone is baying for his blood, and likely to see him booted out.

Our sad and sorry lot steal billions of rands from us and no one gets arrested. The commissions and investigations go on and on, the guilty bounce from one court to the next while living the life of Reilly, and the arch-villain, old Zuma himself, when he finally dies will be given such a magnificent State funeral to equal that of John F Kennedy and Tutankhamen.

Imagine, for a second, Cyril and Co being shown the door because they had a party during lockdown . It's beyond the imagination, isn't it? Because it will never, repeat never, happen.

But back to old Nutty Mthetwa. Our No 1 ditherer-in-chief, who cannot seem to make a real decision in the best interest of the country, though he may groan – and it will be an inward groan; he can't afford to upset anyone by groaning out loud – will neither reprimand him nor fire him nor, as the euphemism goes, 'recall him' (don't you just love the semantic games politicians play?) nor do anything else to upset the apple cart. But speaking of apple carts, dear old Cyril, the apple cart has tipped, the apples have not only gone bouncing down the hill, but have become vrot, and there is nothing left to salvage. SA is down the tubes. And a revolution, in one shape or another, awaits.

Rod Baumeister



SOUTH AFRICAN NATIONAL ROADS AGENCY SOC LTD
Project: SANRAL NRA N.001-079-2019/1

